




**TOERISME
KWARTAAL 2**

**GRADE 12
Onderwerp: Buitelandse Valutaverhandeling**

Gr 11: Hersiening van begrippe

| | |
|----------------------------------|--|
| <p>Valuta</p> | <p>Geld, in die vorm van papier of muntstukke, wat as ruilmiddel vir goedere en dienste gebruik word.</p>  |
| <p>Plaaslike valuta</p> | <p>Die geldeenheid wat deur 'n bepaalde land waar die transaksie plaasvind gebruik word.</p>  |
| <p>Buitelandse valuta</p> | <p>Die geldeenheid of geldeenhede wat nie aan jou land behoort nie.</p>  |

Buitelandse valuta-verhandeling

Valutaverhandeling is om een geldeenheid vir 'n ander geldeenheid te ruil.



Wisselkoers

Die wisselkoers is die waarde van 'n geldeenheid in verhouding tot ander geldeenhede. Die wisselkoers (Eng RoE) bepaal hoeveel buitelandse valuta jy ontvang as jy jou geld wissel.


1 United States Dollar equals
18,59 South African Rand
16 Apr, 12:12 UTC · Disclaimer

1 United States Dolla▼
18.59 South African Ranc▼



1 Euro equals
20,24 South African Rand
16 Apr, 12:14 UTC · Disclaimer

1 Euro▼
20.24 South African Ranc▼



Wisselkoers-skommelings

Veranderinge/skommelings in die waarde van die geldeenheid in verhouding tot die ander geldeenheid.



1 Euro equals
20,15 South African Rand
16 Apr, 12:34 UTC · Disclaimer

1 Euro▼
20.15 South African Ranc▼



GRAAD 12

Onderwerp: Buitelandse Valutaverhandeling

| <p>Bruto Binnelandse Produk (BBP)</p> | <p>Die totale waarde van alle goedere en dienste wat in 'n jaar in 'n land geproduseer word (per kwartaal/per jaar).</p>  <p>Die BBP is... TOTALE WAARDE in 1 jaar PRODUKTE DIENSTE VERVAARDIG</p> | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|--|--------|-------------|-------------|------|--------|------|---------------|------|-------------|------|--------------|------|-------|------|-----------|------|---------|-----|------------|-----|----------|-----|-----------------|------|
| <p>Die BBP word gebruik om die ekonomiese vooruitgang in 'n land te bepaal</p> | <ul style="list-style-type: none"> • As die BBP styg gaan dit goed met die ekonomie en die nasie beweeg voorentoe • As die BBP daal is die ekonomie in die moeilikheid en die land beweeg agteruit  <p>South Africa's GDP Growth Rates by Sector: First Quarter 2019</p> <table border="1"> <thead> <tr> <th>Sector</th> <th>Growth Rate</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Agriculture</td> <td>-0,3</td> </tr> <tr> <td>Mining</td> <td>-0,8</td> </tr> <tr> <td>Manufacturing</td> <td>-1,1</td> </tr> <tr> <td>Electricity</td> <td>-0,1</td> </tr> <tr> <td>Construction</td> <td>-0,1</td> </tr> <tr> <td>Trade</td> <td>-0,5</td> </tr> <tr> <td>Transport</td> <td>-0,4</td> </tr> <tr> <td>Finance</td> <td>0,2</td> </tr> <tr> <td>Government</td> <td>0,2</td> </tr> <tr> <td>Personal</td> <td>0,1</td> </tr> <tr> <td>Taxes/subsidies</td> <td>-0,3</td> </tr> </tbody> </table> | Sector | Growth Rate | Agriculture | -0,3 | Mining | -0,8 | Manufacturing | -1,1 | Electricity | -0,1 | Construction | -0,1 | Trade | -0,5 | Transport | -0,4 | Finance | 0,2 | Government | 0,2 | Personal | 0,1 | Taxes/subsidies | -0,3 |
| Sector | Growth Rate | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Agriculture | -0,3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Mining | -0,8 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Manufacturing | -1,1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Electricity | -0,1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Construction | -0,1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Trade | -0,5 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Transport | -0,4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Finance | 0,2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Government | 0,2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Personal | 0,1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Taxes/subsidies | -0,3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| <p>Voordele van die BBP vir die Suid-Afrikaanse ekonomie</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Genereering van inkomste • Skep van werk / werkskepping • Ontwikkeling van infrastruktuur • Vaardigheidsontwikkeling | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Die vermenigvuldiger effek

Die vermenigvuldiger effek is geld, wat deur toeriste spandeer word, wat deur die ekonomie syfer en daardeur werkers en besighede bevoordeel



Toeriste spandeer geld as hulle reis.

Hierdie geld gaan in die plaaslike ekonomie in.

Hierdie geld word deur plaaslike besighede spandeer om goedere aan te koop en werknemers te betaal.

Hierdie her-spandering van die geld brei die plaaslike ekonomie uit en skep die vermenigvuldiger effek.

Die vermenigvuldiger effek en skakel met die BBP

- Die waarde van spandering word vermenigvuldig en het 'n positiewe ekonomiese effek
- Geld wat in 'n bepaalde gebied spandeer word help om werk te skep
- Die werksgeleenthede, op hulle beurt, skep 'n aanvraag vir ander produkte en dienste in die plaaslike ekonomie
- Geld syfer dus deur na alle vlakke van die ekonomie

Die koopkrag van die Rand

- Die hoeveelheid buitelandse valuta wat jy met jou Rand kan koop word die koopkrag van die Rand genoem
- As die Rand baie van die ander geldeenheid kan koop sê ons dat die Rand sterk is in verhouding tot die ander geldeenheid
- As die Rand net 'n bietjie van 'n bepaalde geldeenheid kan koop sê ons dat die Rand swak is in verhouding tot daardie geldeenheid


| | |
|---|--|
| <p>As die Rand sterk is ...</p>  | <ul style="list-style-type: none"> • sal die buitelandse toeriste minder Rand vir hulle geldeenheid ontvang • sal buitelandse toeriste minder geld hê om te spandeer • sal inkomende toeriste vir 'n korter tydperk besoek of sal glad nie besoek nie • sal toerisme minder tot Suid-Afrika se BBP bydra en die ekonomie sal verswak • dit kan tot werksverliese lei |
| <p>As die Rand swak is ...</p>   | <ul style="list-style-type: none"> • sal meer inkomende internasionale toeriste na Suid-Afrika gelok word • sal internasionale toeriste meer rand vir hulle geldeenhede ontvang • sal internasionale toeriste meer geld hê om te spandeer (groter spandeerkrag) in die plaaslike ekonomie van Suid-Afrika • word 'n groter aanvraag na toerismeprodukte en dienste geskep as internasionale toeriste meer in Suid-Afrika spandeer • sal internasionale toeriste beter waarde vir hulle geld kry en daarom meer spandeer binne die plaaslike ekonomie • sal dit tot 'n toename in die aanvraag na toerismeprodukte en dienste lei wat tot 'n groei in die BBP sal lei en sal 'n positiewe impak op die ekonomie hê • sal meer werksgeleenthede geskep word • sal toeriste hulle oorspronklike begrotings kan behou en meer geld hê om te spandeer • sal toeriste in staat wees om hulle oorspronklike begroting te verminder en sodoende hulle reis goedkoper maak • sal toeriste hierdie geleentheid gebruik om meer buitelandse valuta aan te koop wat benodig word vir die beplande reis • mag toeriste hulle verblyf verleng |
| <p>Die relatiewe sterkte en relatiewe swakheid van 'n valuta tydens spesifieke tye</p> | <p>Dit kan beïnvloed word deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Politieke onrus / onstabiliteit / terreurdade/ hoë misdadervlakke • Natuurlike rampe / droogte / waterkrisis • Onvoorsiene gebeure / siektes / ekonomiese skommelings • Negatiewe kredietgraderings / rommelstatus • Korrupsie in regering • Ontdekking van nuwe of groot hoeveelhede minerale bronne • Die aanbied van suksesvolle wêreldgebeure • Rentekoerse • Herskommeling van kabinetsministers • Ekonomiese resessie • Positiewe / negatiewe beeld van 'n land in media-verslaggewing |

Interpreteer 'n wisselkoers bladsy

- 'n Wisselkoersbladsy is 'n lys van die wisselkoerse (RoE) waarteen buitelandse valuta gekoop en verkoop word.
- Hierdie koers sal bepaal hoeveel buitelandse valuta jy sal ontvang as jy jou geld wissel.
- Buitelandse valuta eenhede word met 'n **drie-letterkode** uitgebeeld
- Die eerste twee letters verwys na die naam van die land en die 3de letter verwys na die geldeenheid
- Die meeste geldeenhede het ook 'n **simbool** om die geldeenheid aan te dui

| Valuta | Kode | Symbol | WISSEL-KOERS |
|--------------------|------|--------|--------------|
| VS DOLLAR | VSD | \$ | 18.14 |
| BRITSE POUND | GBP | £ | 22.56 |
| EURO | EUR | € | 19.55 |
| AUSTRALIESE DOLLAR | AUD | \$ | 11.19 |
| CHINESE YUAN | CNY | ¥ | 2.51 |
| JAPANESE YEN | JPY | ¥ | 0.17 |

Rond af tot twee desimale



Bank verkoopkoers


Die wisselkoers waarteen die valutahandelaar bv. kommersiële banke, buitelandse valuta verkoop.

Bank aankoopkoers

Die wisselkoers waarteen die valutahandelaar bv. kommersiële banke, buitelandse valuta aankoop.

As jy 'n berekening met buitelandse valuta doen, benader dit altyd van die oogpunt van die Suid-Afrikaanse bank

- Wat doen die Bank met die buitelandse valuta?
- Verkoop die bank die buitelandse valuta? (BVK)
 - Koop die bank die buitelandse valuta? (BAK)



As jy berekeninge met buitelandse valuta doen moet jy altyd die volgende onthou:

- Identifiseer die geldeenhede waarmee jy in die berekening gaan werk

Gebruik die wisselkoerstabel hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

| WISSELKOERSTABEL | | |
|---------------------|-------|-------|
| GELDEENHEID | BAK | BVK |
| Pond Sterling (GBP) | 18.02 | 18.10 |

Met hulle aankoms in Suid-Afrika, het Gareth en sy ma GBP4000 vir Suid-Afrikaanse rand geruil.

Die geldeenhede wat jy het

Bereken hoeveel hulle in rand ontvang het. Rond jou antwoord tot TWEE desimale af.

(3)

Die geldeenhede wat jy na die wisseling gaan hê

- Besluit of jy met die wisselkoers (RoE) moet maal of deel as jy die berekening doen

- Skakel om van ZAR na 'n bekende buitelandse geldeenheid: DEEL
- Skakel om van 'n bekende buitelandse geldeenheid na ZAR: MAAL

Gebruik die wisselkoerstabel hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

| WISSELKOERSTABEL | | |
|---------------------|-------|-------|
| GELDEENHEID | BAK | BVK |
| Pond Sterling (GBP) | 18.02 | 18.10 |

Met hulle aankoms in Suid-Afrika, het Gareth en sy ma GBP4000 vir Suid-Afrikaanse rand geruil.

Bereken hoeveel hulle in rand ontvang het. Rond jou antwoord tot TWEE desimale af.

(3)

- Bepaal die wisselkoers (RoE) wat in die berekening gebruik moet word:

- Bankverkoopkoers OF Bankaankoopkoers

Gebruik die wisselkoerstabel hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

| WISSELKOERSTABEL | | |
|---------------------|-------|-------|
| GELDEENHEID | BAK | BVK |
| Pond Sterling (GBP) | 18.02 | 18.10 |

Met hulle aankoms in Suid-Afrika, het Gareth en sy ma GBP4000 vir Suid-Afrikaanse rand geruil.

Bereken hoeveel hulle in rand ontvang het. Rond jou antwoord tot TWEE desimale af.

Wat doen die bank met die buitelandse valuta?

(3)

- Doen die berekening
- Toon ALLE stappe van jou berekening
- Rond jou antwoord af tot TWEE desimale plekke

Die geldeenhede wat jy het x BAK = die geldeenhede wat jy na die ruiling sal hê

$$\text{GBP } 4\,000,00 \times 18,02 = \text{ZAR } 72\,080,00$$

| | | | | |
|---|--|---|---|--|
| <p>Die invloed van wisselkoerse op internasionale toerisme</p> | <p>Uitgaande toeriste</p>  <p>Suid-Afrikaanse uitgaande toeriste sal meer geneig wees om na internasionale bestemmings te reis. Uitgaande reis sal meer bekostigbaar wees.</p> | <p>Inkomende toeriste</p>  <p>Suid-Afrika sal as 'n duur bestemming beskou word. Internasionale inkomende toeriste kan oorweeg om na goedkoper, meer waarde vir geld bestemmings te reis.</p> | <p>Uitgaande toeriste</p>  <p>Uitgaande Suid-Afrikaanse toeriste sal dit te duur vind om na die meeste internasionale bestemmings te reis. Suid-Afrikaners sal bestemmings kies waar hulle die meeste waarde vir hulle geld sal kry.</p> | <p>Inkomende toeriste</p>  <p>Baie internasionale inkomende toeriste sal Suid-Afrika besoek. Suid-Afrika sal as 'n waarde vir geld bestemming beskou word.</p> |
| <p>Skommelings in wisselkoerse</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Skommelings in die waarde van 'n geldeenheid in verhouding tot 'n ander geldeenheid <ul style="list-style-type: none"> ▪ Die waarde van geldeenhede skommel/wissel na gelang van vraag en aanbod ▪ Vraag en aanbod is aan verskeie faktore gekoppel bv, die land se monetêre beleid, die inflasiekoers, politieke en ekonomiese toestande in die land | | | |